

## Toetrede

### Liturgie van die Lig

## Woorddiens

### Lesing 1: 1 Samuel 8:4-11,16-20, 11:14-15 (1953)

<sup>4</sup> Toe kom al die oudstes van Israel bymekaar, en hulle gaan na Samuel in Rama

<sup>5</sup> En sê vir hom: Kyk, u is oud, en u seuns wandel nie in u weë nie; stel nou 'n koning oor ons aan om ons te rig soos by al die nasies.

<sup>6</sup> Maar die woord was verkeerd in die oë van Samuel toe hulle gesê het: Gee ons 'n koning om ons te rig, en Samuel het tot die HERE gebid.

<sup>7</sup> Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie.

<sup>8</sup> Soos al die werke wat hulle gedoen het, van dié dag af dat Ek hulle uit Egipte laat optrek het tot vandag toe, dat hulle My verlaat en ander gode gedien het — so doen hulle ook met jou.

<sup>9</sup> Luister dan nou na hulle: jy moet hulle net ernstig waarsku en hulle die reg van die koning meedeel wat oor hulle sal regeer.

<sup>10</sup> Samuel het toe al die woorde van die HERE oorgebring aan die volk wat 'n koning van hom gevra het.

<sup>11</sup> En hy het gesê: Dit sal die reg wees van die koning wat oor julle sal regeer: Julle seuns sal hy neem en hulle vir homself aanstel by sy wa en by sy perde, dat hulle voor sy wa uit hardloop;



<sup>16</sup> En julle slawe en slavinne en julle beste jongmanne en julle esels sal hy neem en vir sy werk gebruik.

<sup>17</sup> Van julle kleinvee sal hy die tiendes neem, en self sal julle sy slawe wees.

<sup>18</sup> En in dié dag sal julle roep vanweë jul koning wat julle vir jul verkies het, en die HERE sal julle in dié dag nie verhoor nie.

<sup>19</sup> Maar die volk het geweier om na Samuel te luister en gesê: Nee, maar daar moet 'n koning oor ons wees,

<sup>20</sup> dat ons ook kan wees soos al die nasies — dat ons koning ons kan rig en voor ons uit trek en ons oorloë voer.



<sup>14</sup> Toe sê Samuel aan die volk: Kom, laat ons na Gilgal gaan en daar die koningskap vernuwe.

<sup>15</sup> En die hele volk het na Gilgal getrek en daar Saul voor die aangesig van die HERE in Gilgal koning gemaak; en hulle het daar dankoffers voor die aangesig van die HERE geslag, en Saul met al die manne van Israel was daar uitermate vrolik.

### Lesing 2: Markus 3:2-35

### Broodjies vir die Pad

Christians are people who have been delivered just enough to know that there's more where that came from, and whose experience of that little deliverance that has already happened inside themselves and whose faith in the deliverance still to happen is what sees them through the night.

- Frederick Buechner



How we choose to be governed is no small concern. Will we allow ourselves to be guided inwardly by God, or will we give that power over to any number of external forces—consumerism, media-mongering, desires manipulated by worldly ideas of wealth, success, power? The Bible is replete with references to the two ways, which in present-day language has been reduced to the shorthand of God or empire. Empire colonizes in the geographic sense, but also in the construction of our desires and the manipulation of our fears. Empire is finding ultimacy in anything that is not God. Empire is an external power that conquers us—by coercive or deceitfully seductive means. God, on the other hand, is a creative and persuasive power that saturates our being and emanates from within, like some internal GPS.

The history is important, because it reminds us that the choice of empire has been made over and over again, always with disastrous results. It reminds us that the choice is a multi-layered one made at the level of nations, religions, communities, and families, and finally at the deeply personal level of our own lives. And the choice is made over and over again—in historical epochs, in governments and businesses and institutions, and again, most intimately, in the moment-by-moment constitution of our own selves.

The question has to do with ethical living, but just beneath the surface is another question: where do we place our trust? At any moment in our congregations people are dealing with loss, illness, depression, financial worries, or they are facing life-altering decisions.

<http://processandfaith.org/resources/lectionary-commentary/yearb/2012-06-10/proper-5>

### Wie is ek tog as ek nie besit nie?

deur Wilhelm Jordaan

Soms is dit die digters wat die “donker saad” van menswees beter begryp.

Soos wanneer Lucas Malan in die gedig “Oorsprong” die herkoms van hebsug aanteken; hoe die mens van vroeg af alles onbeskaamd wou gryp, want “hy't hoeka al 'n hand wat net wil

vat": . . . En word hy daarvan sat? Glo nie, want vandat hy kon praat, besin/en ingenome met sy mag kon kies en heers,/het hy begeer . . ./Vra hom nie om mededeelsaamheid . . ./So staan hy bekend as Mens: sonderlinge eienaam./En wat hy nie besit, sal altyd spook by hom.

Iets soos die Protestantse werketiek is lank voorgehou as 'n beletsel vir hebsug: harde werk, geduld, selfdisipline, spaarsamigheid en matigheid. Skaars waardes in vandag se wêreld.

Die skrywer Erich Fromm verbind hebsug aan die erosie van genoemde etiek – weens buitensporige winsneming, onmiddellike behoeftebevrediging in 'n verbruikersamelewing, toekomsonsekerheid en die aftakeling van ander rigtinggewende lewenswaardes en -deugde.

Dit alles knoop die mens vas in 'n spiraalgang van lewensonsekerheid, innerlike leegheid en 'n identiteitsnood: "Wie is ek as ek nie besit nie?"

Met "niemand nie" as die antwoord groei die kultus van aansien en statuur deur besit en besteding. Die vrees vir besitverlies sit dan om in die patologie van hebsug as 'n karaktergebrek. Innerlike leegheid word nou gevul deur uiterlike besit en besteding. Dán het jy as mens gearriveer.

Soos Jan Rabie dit beeldryk vertel in 'n ou verhaal, "Doodgeld". Die boer Basie Bouwer en sy sewe seuns voer 'n sukkelbestaan op die plaas. Een van die seuns sterf in 'n ongeluk by 'n werkplek in die stad en 'n bedrag geld ("doodgeld") word aan Basie uitbetaal.

Daarmee gaan hy bank toe. Toe die bankklerk die note aan hom gee, sê Basie dis te min. Daar word weer getel totdat Basie, met sy jakkalsogies, 'n suikersakkie uithaal en vra dat dit met "sillergeld" vol gemaak word.

Hy wil 'n hoop silwer munte hê wat blink en klink en vertonerig uitgehaal kan word as hy "soos 'n oorwinnaar die dorp instap en begin koop". Al die geld het van Basie Bouwer 'n "nuwe mens" gemaak.

Dan, in die gang van die verhaal, word Basie, sy gesin en die hele gemeenskap getref deur die gesamentlike vernietigingskrag van hebsug en ses ander meelopers: die "doodsondes" van vraatsug, hoogmoed, luiheid, wellus, afguns en woede.

Met sy laaste muntstukke stuur Basie sy jongste seun om in die stad te gaan werk – ter wille van nog "doodgeld".

Oplaas is dit "doodgeld", die behepthed met besit, wat vaart gee aan Homo corruptus – die mens wat volgens die oorspronklike Latynse woord alles wat deugdelik is "breek en vernietig".

<http://www.dieburger.com/Rubrieke/WilhelmJordaan/Wie-is-ek-tog-as-ek-nie-besit-nie-20120604>

## Brood vir die Pad

### 'n Klein prinsie gee raad in 28 wêreldse tale

deur Annemarie van der Walt

Die dag toe ek bekendgestel is aan die karakter staan my dekades later steeds helder voor die gesig: "Ek móét jou iets wys," was die

boodskapbriefie wat 'n vriend by die koshuis se ontvangstoonbank gelos het.

Dae later – hoeveel langsamer het ons dinge nie toe gedoen nie! – druk hy 'n klein boekie in my hande. Vergete was kommunikasieteorieë en politieke filosofie.

En indien ek daardie tyd 'n semestertoets slegs sou deurskraap, was die rede dat dit my dae geneem het om opnuut my voete op die aarde te vind ná 'n kennismaking met die kleine prinsie van Asteroid B612.

'n Uitsondering blyk dit toe allermens te wees om só onder die sjarme van Antoine de Saint-Exupéry se tydlose karakter te swig. Die boekie, wat in 1946 vir die eerste gepubliseer is, is een van die topverkopers van alle tye.

Dit was nog nooit uit druk nie en is in meer as 250 tale vertaal, waarvan die Afrikaans gedoen is deur André P. Brink en in 1994 die lig gesien het.

Die kleine prins het baie dinge onder my aandag gebring op 'n ongekunstelde, vars manier – die waarmerk van 'n goeie boek. Soos dat 'n mens jou aan syfers nie te veel moet steur nie.

"Grootmense is versot op syfers. As mens hulle van 'n nuwe vriend vertel, dan vra hulle nooit uit oor die dinge wat regtig belangrik is nie. Dink jy hulle sou vra: 'Hoe klink sy stem? Watter speletjies speel hy graag?' O nee, wat hulle wil weet, is: 'Hoe oud is hy? Wat weeg hy? Wat verdien sy pa?'"

Ook dat mag en politiek uiters eenvlakkig is: "Hy het nie geweet watter eenvoudige plek die wêreld vir konings is nie. Alle mense is onderdane."

En dat melancholie teen skemertyd ook maar alleedaags is: "'Jy weet... as mens so hartseer is, dan hou jy van die sonsondergang...'

'Die dag van die drie-en-veertig sonsondergange was jy dus vreeslik hartseer?' Maar die klein prinsie het nie geantwoord nie."

Dit was reeds donker en knap voor sluitingstyd toe 'n man nou die dag in aller yl by die boekwinkel indraf. Uitasem, en met 'n swaar aksent is daar net-net iets uit te make van sy navraag: De Saint-Exupéry. Nee, nie Engels nie, beduie hy.

Ek loop haal die Afrikaanse weergawe van die rak; hy druk dit met groot gebaar teen sy hart vas. En beduie weer: Zoeloe? Xhosa? Enige ander van ons land se talle tale?

Ek skud my kop. Nee, ongelukkig nie. Maar hoeveel weergawes het hy reeds? Langsaam tel hy in Spaans en eindig by 28.

Laat die aand staan ek voor my jongste se boekrak: 6 kleine prinsies in verskillende tale, en ons was op iedere een so trots toe ons dit telkens uitgesnuffel het in obskure boekwinkels.

Ons sal in alle erns moet begin reis, dink ek.

Terwyl ek voor my siel weet die verste reise is lank reeds afgelê. Want die einste prinsie se woorde bly my altyd by: "Dis met jou hart dat jy moet soek."

<http://www.beeld.com/Rubrieke/AnnemarieVanDerWalt/n-Klein-prinsie-gee-raad-in-28-wereldse-tale-20120606>